

DIE BOEK OPENBARING

Hoofstuk 13

Inleiding

Hierdie hoofstuk openbaar verder hoe die satan teen God en sy kerk veg.

- Die satan gebruik allerhande aardse magte en middele as instrumente om die gelowiges te beveg en hulle lewens te verswaar.
- Dit word uit hierdie openbaring duidelik dat die satan die volgende middele onder sy beheer kry teen die einde van die tyd:
 - Wêreldse regerings
 - Politieke magte
 - Kerke en gelowe wat wêrelds (valse gelowe) is
 - Gelowe wat teen God gesind is
 - Valse profete
 - Wetenskap

Het u al opgelet hoe vinnig ons aan dinge gewoon raak wat stadig in ons lewens inkom? Dit is wat hier beskryf word.

- Die antichris verskyn geleidelik en maak die mense op die aarde gewoon aan hom.
- Wanneer hy eers so ver op die voorgrond getree het dat hulle hom heeltemal kan herken, is hulle al so gewoon aan sy manier van doen, dat almal nie meer omgee om oor te skakel na sy waardesisteme toe nie.

Hier word geopenbaar dat daar twee diere wat in die Satan se diens is, na vore kom:

- Een uit die see en
- een uit die aarde.

Die twee werk in volle harmonie saam met mekaar in die diens van die duiwel.

Vers 1

En ek het op die sand van die see gaan staan. (13:1) En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering. (Openbaring 13:1 AFR1953)

En ek het 'n dier uit die see sien opkom

Die see is hier die simbool van die volke.

- Dit staan ook bekend as die volkesee. Vergelyk hiervoor onder andere Openbaring 17:15
En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale. (Openbaring 17:15 AFR1953)
- *Die Bybel gebruik die beeld van rasende waters vir volke wat onstuimig raas en lawaai in al die geweld en opstand wat in hulle aangaan. Ons kan dus met gerustheid aanvaar dat dit presies is wat die Here met die beeld bedoel in Openbaring 13.*

As voorbeelde waar die waters die volkesee simboliseer, kan gelet word op die volgende Skrifuitsprake:

En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale. (Openbaring 17:15 AFR1953)

Hier verklaar die Here self die beeld (eintlik is dit 'n opsommende verklaring van die beeld soos wat die Here dit oor eeue in sy openbaring gebruik het):

Wat die berge grondves deur u krag, wat omgord is met mag, wat die gebruis van die see stilmak, die gebruis van hulle golwe en die rumoer van die volke; (Psalms 65:7-8 AFR1953)

Wee die gebruis van baie volke – soos die gebruis van die see, so bruis hulle! En die gedruis van nasies – soos die gedruis van geweldige waters, so maak hulle gedruis! (Jesaja 17:12 AFR1953)

Vas staan u troon van ouds af; van ewigheid af is U. Die riviere, o HERE, het verhef, die riviere het hulle gebruis verhef; die riviere verhef hulle geraas! Meer as die gebruis van groot, geweldige waters, van die golwe van die see, is die HERE geweldig in die hoogte! (Psalms 93:2-4 AFR1953)

Die openbaring aan Johannes sluit aan by die openbaring aan Daniël:

Daniël het gespreek en gesê: Ek het in die nag in my gesig gesien, en kyk, die vier winde van die hemel het die groot see in beroering gebring; en vier groot diere het uit die see opgeklim, die een verskillend van die ander. (Daniël 7:2-3 AFR1953).

Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan – net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande 'n klip van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar. (Daniël 2:44-45 AFR1953)

Die dier wat Johannes daar uit die see sien opkom het, was vir hom skrikwekkend.

- Dit was inderdaad 'n monster!
- Johannes vertel elke ding soos wat hy die dier stuk vir stuk uit die see sien opkom.

Die openbaring het 'n duidelike boodskap:

- Die duiwel is slim genoeg om stadig aan die mensdom te verskyn.
- Die mense (veral die ongelowiges en valse gelowiges) moet nie dadelik die geheelbeeld sien nie, want dan sal hulle weet waarmee hulle te doen het.

Hy kom so geleidelik dat hulle aan hom gewoon kan raak.

- Daarom sien Johannes eerste die horings en daarna die koppe.
- Die dier wys eers sy krone. Die krone is koningskrone. Hulle simboliseer koningsmag en opperheerskappy.
- Nadat die mense (ook Johannes) hulle verwonder het aan die krone (en sekerlik glo dat hierdie mooi krone 'n gesag weerspieël wat mens graag sal wil navolg!) dan eers kom sy koppe met die name van godslastering daarop.

Die dier wat uit die see opkom, is nie dieselfde dier as die een wat uit die afgrond opkom nie.

- Hulle hou wel verband met mekaar – die dier uit die afgrond is een van die konings.

Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly. En die dier wat was en nie is

nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf.
(Openbaring 17:9-11 AFR1953).

Die dier uit die see is die sigbare openbaring van die draak in sy (saamgestelde) menslike gestalte – dit openbaar hom in sy aardse kragvertoning!

Krone

Die krone is krone wat deur konings gedra word.

- Hulle simboliseer die mag of heerskappy van konings – dus wêreldse regeermag.

Horings

Horings simboliseer krag.

- Horings simboliseer konings en koninkryke
- Dit word die eerste keer geopenbaar van die Here Jesus Christus.

En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge staan daar 'n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde.
(Openbaring 5:6 AFR1953)

Die duiwel is die groot nabootser. Dit kom ook uit in die getallesimboliek sewe en *tien*.

- Hierdie twee getalle simboliseer volkomeheid of volmaaktheid.
- Hy boots die Here Jesus Christus in sy volmaakte regering en Koningskap met sy voorkoms na!
- Tog is daar 'n ernstige en beslissende verskil: Hy dra die naam van Godslastering!

Hy is dus duidelik uitkenbaar dat hy nie God in sy regering is nie – hy is die teenstander van God wat hom so magtig voordoen aan die mensdom!

Natuurlik kom die regeeramp van God af.

- Die openbaring is duidelik en waarskuwend dat daar magte is wat die gawes (en magte) wat hulle van God af ontvang, nie tot eer van God aanwend nie!
- Daarvan is die satan self die duidelikste voorbeeld!
- Hulle wend hulle gawes aan as werktuie teen God en sy koninkryk.

Die sewe koppe is nie spesifiek bepaalbare wêreldregerings wat ons regstreeks kan identifiseer nie.

- Dit simboliseer egter die wêreldmagte wat in die verloop van die openbaring aan Johannes af tot met die wederkoms op die aarde gaan heers.

Vers 2

En die dier wat ek gesien het, was soos 'n luiperd, en sy pote soos dié van 'n beer, en sy bek soos die bek van 'n leeu; en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.
(Openbaring 13:2 AFR1953)

Vers 2 openbaar baie duidelik dat die draak – dis die Satan – wat deur Openbaring 12 beskryf word, vir die dier van Openbaring 13 sy krag en sy troon en sy mag gee.

. . . en die draak het hom sy krag gegee en sy troon en groot mag.

Die dier uit die see is dus die sigbare openbaring van die draak.

- Dis die vorm waarin die Satan hom gaan tuismaak:

- sy menslike beligaming; en
- sy aardse kragvertoning.

Die dier uit die see kry al sy besieling by die draak.

- Die draak is sy gees (nabootser van die Heilige Gees en sy werking!).
- Die draak is ook sy bestuurder.

Hierdie dier uit die see stel die gesamentlike regerings en owerhede wat op daardie stadium op die hele aarde oor die mense sal wees, voor. Dit sluit in:

- alle volke,
- alle ryke, en
- alle groot politieke magte.

Soos dit met die openbaring van die Here die gebruik is, gryp hierdie openbaring van die dier ook terug na vorige gesigte toe wat die Here aan profete geopenbaar het.

Vergelyk die volgende dinge wat profete uit die Ou Testament gesien of gesê het. Dink byvoorbeeld aan Daniël 7:7:

Daarna het ek in die naggestigte gesien, en kyk, daar was 'n vierde dier, vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad.

(Daniël 7:7 AFR1953)

Hierdie openbaring in Openbaring 13 beskryf roofdiere wat *uit hulle natuur* beweeg:

- Hulle vang nie meer wilde diere nie – hulle het mensvreters geword.
- Hulle is bloeddorstig en hulle het 'n bedreiging geword vir die mense.
- Uit hierdie beskrywing is dit duidelik dat die roofdiere wat hier genoem word, geweldig sterk is.
 - Hulle verskeur almal hulle prooi.
 - Die dood kom dus gewelddadig.

Hierdie dier het die liggaam van 'n luiperd. Dit simboliseer spoed en dat dit rats van beweging is.

Vergelyk hiervoor die volgende Bybelgedeeltes:

En vinniger as luiperds is sy perde en gouer as aandwolwe; en op 'n galop kom sy ruiters, ja, sy ruiters! Van ver kom hulle aangevlieg net soos 'n arend wat op sy prooi neerskiet!

(Habakuk 1:8 AFR1953)

Hierdie beskrywing beeld bloeddorstigheid uit.

Toe het Ek vir hulle soos 'n leeu geword, soos 'n luiperd lê Ek by die pad en loer. (Hosea 13:7 AFR1953)

Hierdie beeld word van die Here self gebruik.

- Die leeu en die luiperd beeld hier die sluheid uit waarmee hulle hul prooi kan bekruip en beloer sonder dat die prooi weet dat hy in gevaar is.

Daarom maak 'n leeu uit die bos hulle dood, 'n wolf van die wildernisse verniel hulle; 'n luiperd loer by hulle stede; almal wat daaruit gaan, word verskeur; want hulle oortredinge is baie, hulle afkerighede geweldig.

(Jeremia 5:6 AFR1953)

- Die gebrul van die leeus simboliseer hulle onverskrokkenheid.
- Hulle aanval op die prooi onderstreep dit verder – niemand kan red nie.

Want so het die HERE vir my gesê: Soos 'n leeu en 'n jong leeu knor oor sy prooi wanneer die volle getal herders teen hom bymekaargeroep word, sonder dat hy skrik vir hulle stem of ingee vir hulle geraas – só sal die HERE van die leërskaer neerdaal om in die stryd uit te trek teen die berg Sion en teen sy heuwel. (Jesaja 31:4 AFR1953)

Toe het Ek vir hulle soos 'n leeu geword, soos 'n luiperd lê Ek by die pad en loer. Ek val hulle aan soos 'n beer wat van kleintjies beroof is, en Ek skeur hulle borskas oop; en soos 'n leeuin verslind Ek hulle daar, die wilde diere van die veld sal hulle verskeur. (Hosea 13:7-8 AFR1953)

Hulle gebrul is soos dié van 'n leeuin, hulle brul soos jong leeus en maak gedreun en gryp die prooi en sleep weg sonder dat iemand red. (Jesaja 5:29 AFR1953)

Uit hierdie beskrywing is dit duidelik dat die roofdiere wat hier genoem word, geweldig en gewelddadig en sterk is.

Daar is Skrifverklaarders wat die beskrywing van die dier uit die see verstaan as die Romeinse ryk wat met keiserlike mag en pouslike mag en met 'n antichristelike leefwyse die kerk van die Here (die christene) onteer en doodgemaak het.

(Daarteenoor moet ons net onthou dat die pouslike mag eers in die vierde eeu ontstaan het. Dit was ruim drie eeue nadat die boek openbaring geskryf is. Hierdie soort van Skrifverklaring lyk te presies om hierdie dier vas te pen in die lyf van 'n regering wat al verbygegaan het in ons tyd – want daarmee is die eskatologiese funksie van hierdie stuk apokaliptiek dan uitgedien.)

Hierdie dier uit die see gaan baie uitgebreide mag hê oor die hele aarde.

- Dit sal nie geringe magte wees nie.
- In Johannes 12:31 noem die Here hom die owerste van hierdie wêreld:

Jesus antwoord en sê: Hierdie stem het nie om My ontwil gekom nie, maar om julle ontwil. Nou is dit die oordeel van hierdie wêreld, nou sal die owerste van hierdie wêreld buitentoe gedryf word. (Johannes 12:30-31 AFR1953)

- Hierdie dier sal innerlike bekwaamheid hê om mense hom te laat volg.
- Hy sal heers (troon) met werklike mag wat hy gaan afdwing oor elke persoon wat op die aarde sal wees in sy tyd.

Die toestand waarin die gelowige van die eindtyd hom sal bevind, word ook beskryf deur gedeeltes soos byvoorbeeld Efesiërs 6:12 waar daar staan:

Want ons worstelstryd nie teen vlees en bloed is nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. (Efesiërs 6:12 AFR1953)

Die dier/antichris se aard en hoe hy gaan probeer om die gelowiges te verlei, word deur die Heilige Gees geopenbaar in 2 Tessalonisense 2:3-10:

Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. . . hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. (2 Tessalonisens 2:3-10 AFR1953)

Die Satan verbind hom dus al hoe meer met regerings en persone wat invloed op die wêreld uitoefen (en seker ook met groot moondhede) al hoe nader die einde van die tyd kom.

Vers 3, 4

En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?

(Openbaring 13:3, 4 AFR1953)

Die Here openbaar meer van hierdie teengoddelike regeerder(s) en hoe die meeste mense wat dan op die aarde is, die dier slaafs navolg.

Let op hoe hierdie kop die Here Jesus naboots.

- *Jesus is gekruisig en het uit die dood opgestaan.*
- *Hierdie kop was dodelik gewond, maar hy het van sy dodelike wond genees en weer herleef!*
- *Die dinge hang almal met mekaar saam en toon aan dat al hierdie dinge van die dier by mekaar behoort.*

In hierdie vers word ook geopenbaar dat die dier spanning in homself gaan hê. Iemand gaan hom met 'n swaard bykom en sy kop baie diep kloof – so erg dat hy moet doodgaan. Die Here openbaar hierdie swaard se hou in vers 14:

En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. (Openbaring 13:14 AFR1953)

Die dier gaan iewers in 'n geveg beland en gaan seerkry:

- Een van die koppe word dodelik gewond.
- Die wond is van so 'n aard dat die dier behoort te sterf.
- Die beeld wat die Bybel gee, is dat hierdie kop 'n geweldige hou gekry het met iets soos 'n swaard, sodat daar 'n dodelike wond gaap.

Tog word die wond weer heel. Die dier *herleef* weer – trouens die Bybel sê hy *herleef* weer!

En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. (Openbaring 13:14 AFR1953)

Die hele aarde se mense is vol verwondering oor hierdie oorwinning oor die dood wat die dier demonstreer.

- Die gevolg is dat *die hele aarde* in verwondering agter die dier aanloop en hom aanbid.
- Dit is nie net so eenvoudig as wat dit klink nie.

Lees wat die Here alles oor die dier en sy aard en verskyning openbaar:

En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam

het.

(Openbaring 13:15-17 AFR1953).

Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is. Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly. En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf. En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou. En hy sê vir my: Die waters wat jy gesien het, waar die hoer op sit, is volke en menigtes en nasies en tale. En die tien horings wat jy op die dier gesien het, hulle sal die hoer haat en haar verlate maak en naak, en haar vlees eet en haar met vuur verbrand. Want God het dit in hulle harte gegee om sy bedoeling uit te voer en een bedoeling uit te voer, en hulle heerskappy aan die dier te gee totdat die woorde van God volbring is. (Openbaring 17:8-17 AFR1953)

Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie? En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.

(2 Tessalonisense 2:3-10 AFR1953)

Die betekenis daarvan is dat die dier tot god verklaar word. Die aanbidding wat aan die enigste ware God toekom, word nou na die dier toe afgewentel.

- In plaas daarvan dat die dier beveg word omdat hy hom teen God verset en God laster, werk almal in hulle verwondering met die dier saam.
- In hul gesamentlike verset teen God onderwerp almal op die aarde hulle aan die dier.

Die Here beklemtoon dat die hele wêreld die dier gaan volg.

En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het. (Openbaring 13:4 AFR1953)

As mens die woorde die eerste keer lees, is die indruk dat daar nie een mens sal wees wat nie 'n volgeling van die antichris sal wees nie.

- Maar as ons dit saam lees met vers 8, is dit duidelik dat die Here hier die uitverkorenes uitsluit:

En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. (Openbaring 13:8 AFR1953)

Let daarop dat Openbaring 13:3 dit duidelik stel dat die draak **en** die dier aanbid word.

- Daar is nie 'n spanning tussen die dier en die draak nie.
- Dis ook nie twee soorte aanbidding nie – asof die draak een voorwerp van aanbidding is en die dier 'n ander voorwerp van aanbidding nie.
- Dis dieselfde aanbidding van dieselfde *godsdienst*.
 - Die antichris word ook aanbid. In al hierdie *figure* word die Satan aanbid.

Een Skrifverklaarder koppel die aanbidding van die draak en die dier en die antichris aan die uitspraak in 1 Korintiërs 10:20 en sê dat dit niks anders is nie as suiwer duiwelsaanbidding.

- Sy motivering is dat die duiwel die mag en die besieling en die leidsman agter hierdie ander magte is.

Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie.

(1 Korintiërs 10:20 AFR1953)

Die verwondering en slaafse navolging van die mensdom kom duidelik uit in die mensdom se woorde:

Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?

(Openbaring 13:4 AFR1953)

Twee dinge is opvallend:

- Die een is dat die bewoners van die aarde (wêreldlinge) vir die antichris 'n groot bewondering gaan hê.
- Die tweede is dat daar 'n oorlog was! Daarom is hulle so seker dat niemand teen die antichris kan oorlog maak nie.

Die dier moes dus in hierdie oorlog die wêreldheerskappy oorgeneem het.

- Hy moes ook tydens hierdie oorlog so dodelik gewond geraak het.
- Hy moes waarskynlik die een oorwinning na die ander behaal het.
- Daarom die wêreldbevolking se verbasing en oortuiging dat niemand in enige oorlog teen die dier kan weerstand bied nie.

Die vraag is: Waaruit word hierdie verstommende bewondering gebore? Die antwoord is redelik eenvoudig:

- Die duiwel (draak) gee vir die dier (antichris) sy mag en vermoëns.
- Die wêreldmense/ongelowiges besef die dier stel meer as menslike kragte ten toon.
- Hulle verstaan dit dan so dat hierdie dier God moet wees.

Natuurlik is dit verkeerd.

- Die antichris is bloot 'n verdierlikte skepsel wat sy buitengewone magte by die duiwel kry.
- Omdat hulle dit nie kan insien nie, aanbid hulle die bese gedoente!

En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie.

(Openbaring13:15 AFR1953)

Sekere Skrifverklaarders meen dat hierdie gewonde kop wat weer verrys, nie 'n mens/individu/regeerder is nie. Hulle verklaar dat dit 'n wêreldryk is wat tot niet gaan (spesifiek die Romeinse ryk) wat dan weer herleef in die latere Rooms Katolieke pouslike bestel.

Vers 5

En 'n mond is aan hom gegee wat groot woorde en godslasteringe uitspreek, en aan hom is mag gegee om dit twee en veertig maande lank te doen. (Openbaring 13:5 AFR1953)

Die dier se optrede duur twee en veertig maande lank. Dit beskryf die tyd waartydens die dier die geleentheid kry om God te laster en te onteer.

- Die tydperk van twee en veertig maande beteken dat die dier tyd kry tot op die jongste dag om God te onteer.
- Hy hou nie so lank aan omdat hy wil nie.
 - Hy gaan aan met sy verset binne die grense wat God vir hom stel.
 - Hy is totaal beperk in wat hy doen en kan doen.

Die praktiese betekenis van hierdie twee en veertig maande van lastering is dat die owerhede op die aarde die hele tyd op die een of ander manier besig sal wees om dinge te sê of te doen wat die hoogheid van die Here skade aandoen.

- Dit kan dinge wees wat by implikasie kwytgeraak of gedoen word, maar dit kan ook dinge wees wat openlik en met volle krag teen God gemik word.
- Die dinge wat alles aangeval word:
 - Die erkenning dat God die Oorsprong van alle goedheid en heiligheid is
 - Die grootheid van die Here
 - Die majesteit van die Here
 - Die reg van God

Ons moet egter oplet na die woordkeuse van die Heilige Gees in die beskrywing van hierdie dinge:

Daar word vir die dier 'n mond gegee!

Let wel: Dit is die manier om te sê dat hy hierdie mond by God gekry het.

- Hierdie dier kry sy vermoë/krag by die draak.
- Maar sy vermoë om sy wette en uitsprake te kan maak, kry hy by die Here.

Die openbaring dat 'n mond aan hom gegee word, beteken dat sy bekwaamheid om te kan doen wat hy moet doen, van God af kom.

- Dit beteken ook dat die geleentheid wat hy kry om sulke dinge te kan kwytraak, ook van God af kom.
- Sonder God se vergunning kan hy nie bestaan en sy vernietigingswerk doen nie.

Let verder op na die presiese beskrywing wat die Bybel hier van die besondere gebeurtenis gee:

- Die Here gee vir hom sy mond. Die res doen hy self omdat hy so boos is.

Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut! Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien. Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het. (Esegiël 28:15-18 AFR1953)

Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen

waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. (Johannes 8:44 AFR1953)

- Die Here gee nie vir hom 'n mond sodat hy kan laster en kwaadpraat nie!
 - Dis mos nou duidelik dat alles en almal wat by die Here 'n mond kry, dit moet gebruik om God te eer en te heilig!

Die Antichris leer dus nie!

- Hy vang presies aan wat die duiwel met die sondeval in die hemel aangevang het!
- Hierdie dier gaan en hy misbruik die gawes wat God hom gee, direk teen God.
- *Die mond doen dus dinge wat hy nie behoort te doen nie!*

Vers 6-7

En hy het sy mond oopgemaak om te laster teen God, om sy Naam en sy tabernakel en die wat in die hemel woon, te laster. Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie. (Openbaring 13:6-7 AFR1953)

Hier word 'n aantal baie belangrike karaktertrekke van hierdie slegte mag wat aan die einde van die tyd gaan heers, geopenbaar:

- Hy gaan die gawes wat hy van God af ontvang, **misbruik**.
- Verder gaan hy baie **verwaand** wees, want hy gaan soveel van homself dink, dat hy hom teen God verhef!
- Hy gaan **homself oorskakel** omdat hy nie versienheid en insig het nie: Hy roem op sy eie krag.

Ons moet nie dink dat die antichris 'n ander beeld van die Here het as wat die Here werklik is nie!

- Hy weet presies Wie die Here is, want hy ken baie van die Here uit sy openbaring.
- Hy weet van die Naam van God, en hy weet van die tabernakel.
- Hy weet van die engele en wie hulle is en waar hulle woon.
 - Hy loods dus 'n baie toegespitste aanval!
 - *Sy verbittering teen die engele is omdat hy op hulle wil wraak neem omdat hulle almal hom nie tydens sy opstand in die hemel wou volg nie*

Die dier se mag is uiters beperk. Daarom gee die Here hom die geleentheid om teen die heiliges oorlog te maak. Die heiliges teen wie die oorlog gerig word, word baie duidelik beskryf:

- Dis God se uitverkorenes (afgesonderdes) wat in die bloed van Jesus Christus heilig gemaak is.
- Dis die almal wat die oorwinning van God af ontvang het in die versoening van die Here Jesus Christus.
- Hierdie verlostes kom uit elke volk, stam, taal en nasie op die aarde.

Natuurlik is dit duidelik waarom die dier teen hulle lostrek.

- Hulle het die een eienskap wat hy nie het nie: **heiligheid!** Dis waarom hy hulle nie voor sy oë kan verdra nie.
- Daarby weet hy dat hy nie by die ewige dood gaan verbykom nie. Die heiliges gaan wel. Let op hoeveel keer die duiwels die Here Jesus smeek om hulle nie voor hulle tyd te pynig nie! Hulle weet hulle gaan hel toe wanneer die heiliges ewig gaan lewe!

Vers 8

En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie. (Openbaring 13:8 AFR1953)

Die dier kry uiteindelik by God wêreldheerskappy (vers 8). Dis 'n wrede en ongenaakbare regering sonder morele standaarde.

Waarom moet ons deur hierdie lyding gaan? Daar is verskeie redes:

- God laat hierdie vervolging toe omdat dit gaan dien tot loutering, suiwering en uitbreiding van die kerk.
 - Al die “saamlopers” in die kerk gaan die kerk tydens hierdie vervolging verlaat en na die dier toe oorloop, uit vrees vir hulle lewe!
En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig. (Handelinge 8:4 AFR1953)
- Die tweede rede waarom die Here dit toelaat, is sodat die duiwel (soos hy hom in die dier en die antichris openbaar) sy ware kleure aan almal kan vertoon.

Dinge soos Satansaanbidding is tans nog iets wat vir die meeste mense afskuwelik en verwerplik is.

- Uiteindelik word dit die godsdiens van die dag.
- Die hele wêreld gaan dit doen. Dit wys hoe die antichris met sy regering die mens totaal gaan verdierlik en laat versleg.

Tog bly daar enkellinge oor wat nie hieraan deelneem nie, en wat nie toelaat dat hulle etiek en geloof in God omgebuig word nie.

- Hulle sal die antichris nie aanbid nie. Dit sal natuurlik met baie pyn en geweld gepaard gaan. Vergelyk Matteus 24:21-24:
Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word. As iemand dán vir julle sê: Kyk, hier is die Christus! of: Daar! — moet dit nie glo nie. Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. (Matteus 24:21-24 AFR1953)
- *NB Hierdie groep word in die grondteks in die enkelvoud beskryf. Dit is om te beklemtoon dat daar so min mense gaan wees wat nog gaan glo dat hulle soos 'n eenling sal lyk.*

Hierdie paar gelowiges sal die verdrukking oorleef, omdat hulle verlossing gewaarborg is in die uitverkiesing van die Here: Hulle naam staan in die boek van die lewe Vergelyk hiermee saam Openbaring 3:5; Openbaring 21:27; Johannes 17:6, 9:

Wie oorwin, sal bekleed word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele.
(Openbaring 3:5 AFR1953)

En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam.
(Openbaring 21:27 AFR1953)

Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar.
(Johannes 17:6 AFR1953)

Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort. (Johannes 17:9 AFR1953)

- Hierdie redding en inskrywing in die boek van die lewe het reeds voor die grondlegging van die wêreld (skepping) al bestaan. Sien Efesiërs 1:4 en Openbaring 17:8:

soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, (Efesiërs 1:4 AFR1953)

Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is. (Openbaring 17:8 AFR1953)

Vers 9

As iemand 'n oor het, laat hom hoor. (Openbaring 13:9 AFR1953)

- Hierdie is 'n algemene vermaning aan die kerke dat hulle tog moet luister na wat die Heilige Gees aan hulle openbaar – anders gaan hulle onder die beheer van die dier beland.
- Dan gaan hulle onder sy invloed beland en verlore gaan.

Ons aanbid die Here omdat ons wil, maar veral omdat die Here ons oproep om dit te doen.

- In elke stuk Woordverkondiging wys die Here ons daarop dat die ryk van die dier teenoor die uiteindelijke ryk van God self staan.
- Vergelyk die volgende uitspraak:

Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie,... (Openbaring 5:9 AFR1953)

In elke erediens kry ons die versekering dat ons die singendes van die hiernamaals is!

- Dis ons wat die woorde van die nuwe lied gaan leer!
- Ons gaan dit kan doen omdat ons versoen is deur die bloed van die Here Jesus.

Ons kry in elke preek die versekering dat die Here Jesus se dood en opstanding 'n paar dinge beslissend vasgestel het:

- Die dier en sy regering is beperk en aan die Here se mag onderwerp.
 - Sy kruisdood was reeds die beslissende veldslag teen die hel.
 - Toe het die Satan tot die ewige dood toe verloor.
- Dit was om ons te ondersteun sodat ons tot eer van sy Naam sal kan sterf, en dat die getuigenis wat ons daarmee teen die mag van die hel lewer, ook tot hulle verdoemenis in die eindoordeel sal bydra.
- Sy dood was om ons wie se name in die boek van die lewe is, se uitkoms in die ewige lewe in te verseker.
 - Die Here Jesus het ons met sy dood en opstanding vir ewig verlos en van die dier vrygemaak.

Vergelyk Openbaring 2:2, 7, 11 en ook Matteus 13:9:

2 Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; 7 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is. 11 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie. (Openbaring 2:2, 7, 11 AFR1953)

Wie ore het om te hoor, laat hom hoor! (Matteus 13:9 AFR1953)

Vers 10

As iemand krygsgevangenes maak, gaan hy in krygsgevangenskap; as iemand met die swaard doodmaak, moet hy met die swaard doodgemaak word. Hier is die lydsaamheid en die geloof van die heiliges. (Openbaring 13:10 AFR1953)

Hierdie vers het taamlik probleme. Daar is twee lesings.

- Die een lesing (die moeilikste een!*) sê diegene wat bestem is (deur God) om krygsgevangene geneem te word, moet gevangene geneem word en dié wat bestem is om deur die swaard doodgemaak te word, moet op daardie manier sterf.
 - Die bedoeling is dan dat die gelowiges wat deur al hierdie verskriklike lyding moet gaan, sal weet dat hulle nog steeds in die hand van die Here is.
 - Die marteling en alles is bloot 'n beproewing van God af oor hulle en Hy beheer dit ten volle.
 - Die bedoeling is dat ons ons nie in hierdie proses teen die Here moet verset nie.

Soortgelyke uitsprake kom voor in Jeremia 15:2

En as hulle jou vra: Waar moet ons heengaan? sê dan vir hulle: So spreek die HERE: Wie vir die pes bestem is, na die pes; en wie vir die swaard, na die swaard; en wie vir die hongersnood, na die hongersnood; en wie vir die gevangenskap, na die gevangenskap. (Jeremia 15:2 AFR1953)

En ook in Jeremia 43:11

En hy sal kom en Egipteland verower: wie vir die pes bestem is, vir die pes; en wie vir die gevangenskap, vir die gevangenskap; en wie vir die swaard, vir die swaard! (Jeremia 43:11 AFR1953)

Vergelyk hier Bybelgedeeltes soos Matteus 24:9-12; 24:22; 24:24.

9 Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van my Naam. 10 En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. 11 En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei. 12 En omdat die ongeregtheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. 13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. (Matteus 24:9-13 AFR1953)

En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word. (Matteus 24:22 AFR1953)

Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. (Matteus 24:22 AFR1953)

- Die ander lesing (die maklike lesing!*) wys op die wêreldvergelding:
 - As iemand ander mense verslaaf en in krygsgevangenskap laat gaan, sal presies dieselfde lot hom tref.
 - En as iemand ander mense met die swaard doodmaak, dan moet hy ook met 'n swaard doodgemaak word.

** Een van die Hermeneutiese reëls (reëls om die Bybel te verklaar) is dat die moeiliker lesing gewoonlik die korrekte lesing is!*

Vergelyk hierdie uitspraak met Psalm 62:13.

...en aan U, o Here, behoort die goedertierenheid; want U vergeld elkeen na sy werk.
(Psalm 62:13 AFR1953)

Na al die dinge kom die verskyning van die tweede dier: Die valse profeet!

Vers 11

En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak. (Openbaring 13:11 AFR1953)

Nou sien Johannes 'n ander dier. Daar is heelwat verskille tussen die eerste dier en hierdie dier.

- Hierdie dier kom van heeltemal die teenoorgestelde kant en plek as die eerste dier. Hy kom van die land af.
- Hy het twee horings in plaas van tien.
- Hierdie dier is die helper van die dier wat uit die see uitgekome het.

Die woord *aarde* word in verskillende betekenisse gebruik:

- Die aarde is in onderskeiding van die hemel.
Genesis 1:1: **In die begin het God die hemel en die aarde geskape.**
- Verder is die aarde in teenstelling met die hemel.
Psalm 115:16: **Die hemele is hemele vir die HERE, maar die aarde het Hy aan die mensekinders gegee.**
- Soms word die woord *aarde* gebruik om iets wat laer as iets anders is, aan te dui.
Prediker 5:1: **Wees nie haastig met jou mond nie, en laat jou hart nie gou 'n woord uitbring voor die aangesig van God nie; want God is in die hemel, en jy op die aarde. Daarom moet jou woorde min wees.**

En

Jesaja 55:9: **Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes.**

- Die aarde is hier in Openbaring 13:10 die simbool van dit wat sondig en duiwels is. Vergelyk daarvoor die volgende Skrifuitsprake:
Want baie – van wie ek julle dit dikwels gesê het en nou ook onder trane sê – wandel as vyande van die kruis van Christus. Hulle einde is die verderf, hulle god is die buik en hulle eer is in hulle skande; hulle bedink aardse dinge. Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus, (Filippense 3:18-20 AFR1953)
Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. Dít is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; (Jakobus 3:14-15 AFR1953)

Wat beteken die beeld vir Openbaring 13:10?

- Dit beteken dat die dier wat uit die aarde opkom, die hemel totaal mis!
- Hierdie dier wat uit die aarde opkom, is besiel deur die gees uit die afgrond. Vergelyk Openbaring 9:2 en Openbaring 11:7:

En hy het die put van die afgrond oopgemaak, en daar het rook opgekom uit die put soos rook van 'n groot oond, en die son en die lug is deur die rook van die put verduister. (Openbaring 9:2 AFR1953)

En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak; (Openbaring 11:7 AFR1953)

Hierdie dier uit die aarde is dus innerlik baie diep verwant aan die antichris.

- Daarom is hy ten volle in diens van die antichris.
- *Hierdie dier uit die aarde is niemand anders nie as die valse profeet.*

En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom.

(Openbaring 16:13 AFR1953)

En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. (Openbaring 19:20 AFR1953)

En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid. (Openbaring 20:10 AFR1953)

Hierdie valse profeet sal maak of hy in God se diens is, maar hy sal inderdaad die antichris se werk en ryk bevorder. Vergelyk Markus 13:22

Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.

(Markus 13:22 AFR1953)

Die Here openbaar dus dat die valse profeet 'n mens is.

- Hy is 'n baie vals mens wat met die skyn van waarheid en eerlikheid die kwaad bevorder.
- Hy is 'n mens wat selfs die wetenskap vals gebruik teen God en die Here Jesus en teen die Woord van God.
- Hy tree ook in bepaalde persone op in diens van die duiwel om God en sy koninkryk skade aan te doen.

Daarom het hy horings soos 'n lam.

- Hy bied homself aan as 'n skaap met twee horings. (*Dit beest doet zich voor als een schaap!*)
Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. (Matteus 7:15 AFR1953)
- Moderner gesê: Hy probeer lyk soos Jesus Christus!
- Dus: 'n vervalser van die ware openbaring.
- Hy is iemand wat lieg asof hy die waarheid praat! Dis natuurlik die ou styl van die duiwel.

Vergelyk hierby:

Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? (Genesis 3:1 AFR1953)

Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. (Genesis 3:4-5 AFR1953)

Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. (2 Korintiërs 11:3 AFR1953)

En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. (2 Korintiërs 11:14 AFR1953)

...hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dae en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. (2 Tessalonisense 2:9-10 AFR1953)

Vers 12

En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. (Openbaring 13:12 AFR1953)

Hierdie dier wat uit die aarde uit kom, het presies dieselfde hoeveelheid mag as wat die dier het wat uit die see opgekom het.

- Daardie dier uit die see het sy mag by die draak (die satan self) ontvang.
- Hy sit dus net die satan se werk voort.

*Die feit dat die Heilige Gees hulle die naam **dier** gee, openbaar dat hulle op geen manier die beeld van God in hulle het nie. Hulle het nie 'n koningsbeeld van heerlikheid in hulle nie. Hulle is dierlik, hels en sleg.*

Hierdie dier uit die aarde maak ten volle gebruik van sy sataniese magte.

- Letterlik staan daar dat hierdie tweede dier direk voor die oë/gesig van die eerste dier werk.
- Hy werk dus onder toesig van (en ook in eenheid met) die dier uit die see!
- Agter al twee sit die draak (satan) en sy mag!

Met die magte van die hel in aksie dwing hierdie dier uit die aarde dat al die aardbewoners die draak aanbid.

- Hy doen dit met tekens en wonders van die leuen.

...hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dae en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. (2 Tessalonisense 2:9, 10 AFR1953)

Uit vers 15 en 17 kom ons agter dat hy feitlik alle mense wat op die aarde lewe, dwing om die dier te aanbid deur tipiese afgodsaanbidding:

- Hy laat 'n beeld vir die dier oprig.
- Die godsdienste van die eindtyd is dus suiwer paganisme.

Die tweede dier laat die mense buig voor die valse Christus (antichris).

- Hy word geteken in die wonders wat hy gedoen het, naamlik dat hy van 'n dodelike wond genees het.
- Die godsdienste van die eindtyd het dus 'n bepaalde klemverskuiwing in hom:
 - Dit beweeg van innerlike geloof af weg na uiterlike vertoon – en dan bepaald die doen van wonders (genesings (!), soos hierdie dier).
 - Die Here Jesus het dit self baie duidelik voorspel:

Want daar sal valse Christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê.

(Matteus 24:24, 25 AFR1953)

- Onwillekeurig dink ons aan die woorde van die Here Jesus aan Tomas:

Jesus sê vir hom: Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het. (Johannes 20:29 AFR1953)

Vers 13, 14

Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. (Openbaring 13:13, 14 AFR1953)

Die dier uit die aarde doen baie groot en indrukwekkende tekens. Dit gaan so erg dat hy selfs vuur uit die hemel op die aarde laat neerkom.

Vraag: Is dit vuur soos tydens die verwoesting van Sodom en Gomorra? Of word met vuur weerlig bedoel?

Die feit is dat hierdie gebruikmaking van vuur as 'n middel om oordeel te voltrek, eie is aan die Here self. Vergelyk daarvoor die volgende openbaring in die Bybel:

- Ons lees dat in die tyd van Elia ook vuur uit die hemel gekom het wat mense doodgemaak het.

Toe antwoord Elía en sê aan die owerste oor vyftig: As ek dan 'n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! En daar het vuur van die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer. En hy het weer 'n ander owerste oor vyftig met sy vyftig na hom gestuur; en die het begin spreek en vir hom gesê: Man van God, so sê die koning: Kom gou af! Daarop antwoord Elía en sê vir hulle: As ek 'n man van God is, mag daar vuur van die hemel neerdaal en jou en jou vyftig verteer! En daar het die vuur van God uit die hemel neergedaal en hom met sy vyftig verteer. (2 Konings 1:10-12 AFR1953)

- Ons lees ook van so iets in Openbaring 11:5-6:

En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word. Hulle het mag om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie; en hulle het mag oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plaes so dikwels as hulle wil. (Openbaring 11:5-6 AFR1953)

Dit is merkwaardig dat die duivel nie sy eie “wonders” kan uitdink om sy mag te vertoon nie!

- Hy koggel net die dinge wat hy by die Here sien.
- Daarom laat hy ook vuur afkom op die aarde.

Maar, daar is 'n merkwaardige verskil tussen die Here se vuur uit die hemel en die satan se vuur uit die hemel!

- In Elia se geval het die vuur van die Here uit die hemel die almag van God bevestig en die veiligheid van sy kerk beskerm.
- Die openbaring rondom die twee getuies (Openbaring 11) gee dieselfde beginsels.

Die duivel se vuur uit die hemel is om die kerk te vernietig!

- Die Here openbaar ook dat die satan wye kragte het waarvoor hy beskik – soos om ook vuur uit die hemel op die aarde te laat afkom!
- Die duivel doen hierdie wonders **voor die oë van die mense**.
- *Sy openbaring is dus daarop gerig om mense te beïndruk en te verlei.*

- Die klem lê dus op die sien van die mense.
- Met ander woorde, die doel van die wonders is om die mense te oortuig dat satan God is.

Wat belangrik is om te verstaan is dat iemand wat wonders doen, nie noodwendig iemand naby aan die Here is nie. Die dier doen geweldige wonders en kragte, maar deur sataniese krag.

- Daar is sogenaamde gelowiges wat wonders as 'n vereiste stel vir geloof.
- Hierdie openbaring van die Here maak dit duidelik dat daardie mense maklik in hierdie strik van die dier se *wonderwerke-openbaring* gaan trap.

Die dier uit die aarde se wonders word nie deur die waarheid beheers nie maar deur die leuen.

- Hierdie leuens gaan opspraakwekkend wees.
- Dit gaan groot indruk op die mensdom maak.
- Die wonders van die dier uit die aarde gaan die mense laat glo dat die dier uit die see 'n goddelike wese (God!) is.

Vergelyk hiervoor die volgende bybelgedeeltes:

En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld, om hulle te versamel vir die oorlog van daardie groot dag van die almagtige God. (Openbaring 16:13,14 AFR1953)

En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. (Openbaring 19:20 AFR1953)

Die gevaar is groot (!), want daar is 'n geneigdheid dat mense die massas (die oorgrote meerderheid) wil volg.

- Die algemene optrede word dan as norm gestel.
- In hierdie openbaring toon die Here tydig aan dat dit juis die massas gaan wees wat verkeerd is om deur die dier uit die aarde oortuig te word.
- Hulle gaan almal verlore (meerderheid en al!).

Die Here Jesus se hele aanslag is presies die teenoorgestelde.

- Hy het geweier om wonders te doen, net sodat mense kon sien waartoe Hy in staat is – of om wonders te doen sodat mense dit soos sirkustoertjies kon geniet.
- Hy wou nie (soos die dier) die bewondering van mense vir Hom opwek nie.

Kyk hiervoor na die volgende aanhalings uit die Bybel:

En die Fariseërs en Sadduseërs het nader gekom om Hom te versoek en het Hom gevra om hulle 'n teken uit die hemel te laat sien. Maar Hy antwoord en sê vir hulle: In die aand sê julle: Mooi weer, want die lug is rooi. En in die môre: Stormweer vandag, want die lug is donkerrooi. Geveinsdes, julle weet wel om die voorkoms van die lug te onderskei, en kan julle nie die tekens van die tye onderskei nie? 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van Jona, die profeet. En Hy het hulle verlaat en weggegaan. (Matteus 16:1-4 AFR1953).

En toe Herodes Jesus sien, was hy baie bly, want hy was al geruime tyd begerig om Hom te sien, omdat hy veel van Hom gehoor het; en hy het gehoop om een of ander teken te sien wat deur Hom gedoen sou word. En hy het Hom met baie woorde uitgevra, maar Hy

het hom niks geantwoord nie. En die owerpriesters en die skrifgeleerdes het Hom heftig staan en beskuldig. En nadat Herodes saam met sy soldate Hom met veragting behandel en bespot het, werp hy Hom 'n blink kleed om en stuur Hom terug na Pilatus. (Lukas 23:8-11 AFR1953)

Om die soort (valse) godsdiens van die eindtyd te kan verstaan en identifiseer, moet met nadruk gelet word op dit wat die Here openbaar van die dier se opdrag aan die mensdom:

...deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het. (Openbaring 13:14 AFR1953)

Die beeld wat gemaak moet word, beteken dus dat hierdie dier openlik (publiek en wetlik!?) aanbid sal moet word.

- Die feit dat die mense aangesê word om so 'n beeld te maak en in die openbaar te aanbid, gee die indruk dat dit deur wetgewing sal gebeur.
- Let op die woorde wat in 2 Tessalonisense 2:4 geskryf staan. Dit is belangrik, want dit sluit by hierdie openbaring aan!

Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. (2 Tessalonisense 2:3, 4 AFR1953)

Die dier wat van die wond genees word, is waarskynlik 'n wêreldryk wat aanvanklik tot niet gegaan het, en dan herleef met die antichris as sy heerser en beheerser.

Vers 15

En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. (Openbaring 3:15 AFR1953)

Die eindtyd word gekenmerk deur geloofsvervalsing en vervalsing en nabootsing van God – met ander woorde afgodediens.

- Dit gaan oor dinge wat lyk of dit waar is en bestaan, maar dit is nie waar nie!
- Alles gaan die skyn daarvan hê dat dit die ware godsdiens is wat van die ware God af uitgaan – terwyl dit alles dinge is wat direk teen Hom en sy koninkryk inwerk!

Die Here openbaar ook hier tot watter hoogtes die duiwel en die wat hy gebruik, in staat is.

- Die valse profeet maak in daardie tyd 'n beeld van die antichris.
- Hy gee vir die beeld 'n **gees**, sodat die beeld sal kan praat!

Hier vereis die Here dat die ware gelowige baie onderskeidingsvermoë aan die dag moet lê. Ons moet hier twee dinge onthou:

- Die duiwel het nie die mag om hierdie slegte dinge in sy eie krag te doen nie. Hy is ook hierin ten volle van die Here se toestemming en beskikking afhanklik.
- Die tweede saak is dat niks van al hierdie slegte dinge die duiwel se eie uitvindings is nie. Hy voer net die wil van die Here uit.

Vergelyk hiervoor die volgende gedeeltes in die Bybel:

Toe kom die gees vorentoe en gaan voor die aangesig van die HERE staan en sê: Ek sal hom oorhaal. En die HERE vra hom: Waarmee? En hy sê: Ek sal uitgaan en 'n leuengees

word in die mond van al sy profete. En Hy sê: Jy sal oorhaal, ja, jy sal ook oorwin; gaan uit en doen so. En nou, kyk, die HERE het 'n leuengees in die mond van al hierdie profete van u gegee, en die HERE het onheil oor u gespreek. (1 Konings 22:21-23 AFR1953).

En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtheid. (2 Tessalonisense 2:11, 12 AFR1953)

Die vrees by gelowiges mag dalk wees dat hulle nie sal weet wanneer hulle in hierdie hele proses aan God ongehoorsaam is nie – soveel te meer as die duiwel ook nog die manne mislei wat normaalweg in diens van die Here is.

- Die antwoord word in die geskiedenis self deur die Here geopenbaar: Die Here stuur Miga met die regte boodskap!
- *NB: 'n Kenmerk van die valse evangelie is alle eeue deur dat godsdienste met groot vertoon veruiterlik word!*
- Miga was duidelik onderskeibaar van die ander profete, bv Sedekia. Lees hiervoor 1 Konings 22:11-14:

...het Sedekia, die seun van Kenaana, vir hom ysterhorings gemaak en gesê: So spreek die HERE: Hiermee sal u die Arameërs stoot totdat hulle vernietig is. En al die profete het so geprofeteer en gesê: Trek op na Ramot in Gilead en u sal voorspoedig wees, en die HERE sal dit in die hand van die koning gee. Toe sê die boodskapper wat gegaan het om Miga te roep, vir hom dit: Kyk tog, die woorde van die profete is uit een mond goed vir die koning: laat jou woord tog wees soos die woord van een van hulle, en spreek goeie dinge. Maar Miga sê: So waar as die HERE leef, voorwaar, wat die HERE vir my sê, dit sal ek spreek! (1 Konings 22:11-14 AFR1953)

Die Here openbaar dat die beeld van die antichris die mense van die eindtyd baie sal beïndruk.

- Die rede? Die mense sal nie die vermoë hê om te kan onderskei en die bedrog in die praterie van die antichris raak te sien nie.
- Die gevolg is dat die mense voor die beeld gaan neerkniel en aan hom goddelike eer gee.

Vraag: Mettertyd raak kerke leeg en mense raak *ongelowig*. Is dit waar, want in hierdie gedeelte openbaar die Here dat die wêreld se mense kniel voor die beeld van die dier? Mense is dus inherent op aanbidding ingestel!

Die Here laat dus toe dat die mense van die eindtyd onder die aanvuring van die antichris Adam en Eva se sonde – naamlik om teen God te draai – tot op 'n hoogtepunt voer! Dit word fisies duidelik in die aanbidding van die pratende beeld.

- Hulle gaan glo dat dit God is.
- Hulle gaan glo dat hierdie beeld ook skeppingsmag en beskikkingsmag oor hulle lewens het.
- Die feit dat hy oënskynlik kan praat, gaan hulle juis tot hierdie geloof bring.

Hierdie afgodsdienste en verering van die antichris in hierdie beeld bereik sulke hoogtes dat hulle almal wat nie daaraan deelneem nie, doodgemaak sal word. Vergelyk Openbaring 11:7.

Daar sal dan nog gelowiges wees, maar hulle sal baie min wees en sal oënskynlik verdwyn het gemeet aan die getalle van die ongelowiges. Vergelyk hierby vers 12 (hoofstuk 13).

Vers 16, 17

En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan

koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. (Openbaring 13:16, 17 AFR1953)

Hiermee openbaar die Here iets baie belangriks aan ons.

- Die afgodsaanbidding van die antichris is onbeperk – dit word nie beperk tot 'n kerk of tot 'n volk of 'n nasie of tot een gedeelte van die maatskaplike lewe nie.
- Die antichris se beheer en invloed deurspek alles.
 - Die sosiale lewe, die sakewêreld, die geloofswêreld.
 - Dit raak ook alle mense – rykes, armes, mense met aansien en enige volk.

Die bewys lê daarin dat almal (eintlik: die meeste van die mense) gemerk word.

- Die merkery van mense is dus parallel aan die Here se merk aan mense, naamlik die doop.
- Die merkteken van die dier is die teenvoeter van die doop:
 - Gelowiges word deur God gedoop.
 - Ongelowiges word deur die antichris gemerk.

Kyk weer na die verskil:

- Waar die doop 'n geestelike merkteken is wat die ewige lewe ontsluit,
- is die merkteken van die dier 'n fisiese merk wat net die fisiese en tydelike lewe vir sy aanbidders ontsluit, maar hulle die ewige lewe ontnem.

Hierdie merkteken sal op twee plekke aan die mense gemaak word (Is die 2 merkplekke simbolies, want 2 is nie 'n goddelike simboliese getal nie? Dis die getal van die mens):

- Een teken sal op die regterhand gemaak word.
 - Dit is simbolies, want die regterhand is 'n normale mens se hand van krag.
 - Dis die hand waarmee gegroet word en gewerk word.

Die merkteken op die regterhand beteken dus dat daarmee alle werk – arbeid en ook alle finansiële en handelsinstellings – deur die antichris beheers gaan word.

- Die tweede teken is op die voorkop.
 - Die voorkop is die simbool van sigbaarheid – dus die teken van openbare belydenis.
 - In hierdie geval is dit die openbare teken daarvan dat die beeld (die antichris/duiwel) aanbid word.
 - Die merkteken is dus die openbare deelname aan afgodsaanbidding.

Die feit is dat iemand wat nie die teken aan hom gaan hê nie, dadelik gaan uitstaan, want dit sal opvallend wees as 'n mens sonder die teken van die dier in die openbaar verskyn.

- Die dienaars van die Here sal opvallend wees.

Wat die uitverkorenes (ware gelowiges) verder opvallend sal maak, is die feit dat hulle geen sake sal kan doen nie omdat hulle nie die merkteken van die dier het nie.

- Hulle sal nie kan koop of verkoop nie.
- Dit beteken dat hulle so geïsoleer sal wees dat hulle sal doodgaan van die honger omdat hulle nie kos kan koop nie, want hulle sal ook nie besittings kan hê nie – nie aankoop of verkoop nie.
- Alle lewensoptrede sal dus vasgemaak wees aan die afgodiese verering van die beeld van die dier (dus van die antichris).

Dis opvallend dat die uiterlike ding wat deur die mense aanbid sal word, nie 'n god is op enige manier nie omdat dit bloot 'n beeld is. Die Here openbaar tog hier dat dit 'n beeld sal wees wat deur menslike vernuf die skyn sal openbaar asof dit bestaan en mag het.

Hierdie tyd word met ander woorde 'n tyd van vrees en bekommernis vir almal wat die Here dien en liefhet.

Let op die woorde: **die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.**

- Die merkteken waarna hier verwys word, is die naam van die dier of die antichris.
- Die getal van sy naam beteken dieselfde want dit sal 'n getal wees wat die wese van die dier beskryf.
- Dit is nie 'n naam wat 'n sekere klank het nie – dit sal 'n naam wees wat die wese en karakter van die antichris duidelik stel.

Vers 18

Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van 'n mens; en sy getal is ses honderd ses en sestig.

(Openbaring 13:18 AFR1953)

Die Here openbaar hier dat mense – die mense wat enigsins wysheid het – die getal/naam van die dier (= die antichris) wel kan uitwerk en bereken.

- Daar sal dus inderdaad nog ware gelowiges wees, anders sou die Here nie hier openbaar dat daar tog enkeles sal wees wat hierdie openbaring van die dier kan uitwerk nie.
- Hierdie betekenis sal nie maklik bereken kan word nie, maar dit sal wel bereken kan word deur wie die openbaring van God kan verstaan.

Die boek Openbaring gebruik 'n hele aantal getalle simbolies.

- Hierdie getalle is 3, 4, 7, 10, 12, 10 000, 12 000 en 144 000.
- Die getal van die dier/antichris is 666. Die Here openbaar dit.
- Daarom moet hierdie getal 666 ook as 'n sinnebeeld of 'n simbool verstaan word.

Ons weet die volgende wat deur die Here openbaar word rondom hierdie getal 666:

- Al word hier gepraat van 'n dier, is dit 'n getal wat 'n mens, of ten minste 'n skepsel uit die mense- of engelewêreld, aandui.
- Hierdie getal is spesifiek 'n openbaring van die wese en aard en karakter en mag van die antichris.
- 6 is die getal van die wêreld sonder God se rus.
- 6 simboliseer die hoogste ontwikkeling van geskape dinge.
- Die getal 6 sluit die volle gemeenskap met God uit.
- Die getal 6 word drie keer herhaal in nabootsing van die Drie Persone van die Drie-Enige God.

Gevolgtrekking uit die bogenoemde gegewens:

- Die getal 666 openbaar dus dat die antichris die beheersers van hierdie wêreld is.
- Dit openbaar wie almal met hom saamwerk – nie net die gevalle engele nie maar ook die hele mensdom wat sy merk dra.
- Die antichris gaan gebruik maak van die hoogste menslike kennis en wetenskap wat daar in die skepping sal wees op die tydstip voordat die Here sal kom.
- Hy sal dit alles in sy mag hê en alles gebruik teen God en wat syne is.

As bewys hiervoor, vergelyk:

Openbaring 11:7 (AFR1953)

En wanneer hulle hul getuienis voleindig het, sal die dier wat uit die afgrond opkom, teen hulle oorlog voer en hulle oorwin en hulle doodmaak;

Openbaring 13:3, 4, 7, 8 (AFR1953)

En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En hulle het die draak aanbid wat die dier mag gegee het, en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?

Openbaring 13:7, 8 (AFR1953)

Dit is ook aan hom gegee om oorlog te voer teen die heiliges en hulle te oorwin, en aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie. En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe van die Lam wat geslag is, geskrywe is nie.

Openbaring 13:12-14 (AFR1953)

En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense. En hy verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier te doen, deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier wat die swaardwond ontvang en lewendig geword het.

Openbaring 17:8 (AFR1953)

Die dier wat jy gesien het, was en is nie, en sal uit die afgrond opkom en na die verderf vaar; en die bewoners van die aarde wie se name nie van die grondlegging van die wêreld af in die boek van die lewe geskryf is nie, sal hulle verwonder as hulle die dier sien wat was en nie is nie, alhoewel hy is.

Openbaring 17:11-14 (AFR1953)

En die dier wat was en nie is nie, is self ook die agtste, en hy behoort by die sewe en gaan na die verderf. En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier. Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou.

Openbaring 19:19, 20 (AFR1953)

En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versamel gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.

In hierdie gedeelte openbaar die Here aan ons dat die ryk van die dier teenoor die uiteindelijke ryk van God self staan.

- Ons is juis deur God self uit hierdie ryk van die satan uitgehaal. Die openbaring van die antichris is juis om vir ons te wys waar ons in die raadsplan van God staan.
- Vergelyk die volgende uitspraak:
Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, (Openbaring 5:9 AFR1953)

Ons kry ook die versekering dat die Here Jesus se dood en opstanding 'n paar dinge beslissend vasgestel het:

- Die dier en sy regering is beperk en aan die Here Jesus se mag onderwerp.
- Sy kruisdood was reeds die beslissende veldslag teen die hel. Toe het die satan tot die ewige dood toe verloor.
- Sy dood was om ons wie se name in die boek van die lewe is, se uitkoms in die ewige lewe in te verseker.
- Die Here Jesus het ons met sy dood en opstanding vir ewig verlos en van die dier vrygemaak.